



CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT:	AFRIKAANS – FIRST ADDITIONAL LANGUAGE P1
-----------------	---

1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE

QUESTION 1

Kandidate het goed in hierdie vraag gevaar. 63% van die kandidate het meer as 50% (vlak 4 – 7) gekry. Daar was net 12% wat vlak 1 en 2 behaal het. Vraag 1.1 tot 1.6 is goed deur bykans alle kandidate beantwoord.

Vraag 1.7 was ietwat problematies. Die meeste van die kandidate kon egter nie “partydigheid” verduidelik nie. Baie leerders het dit geassosieer met “partytjies”. Leerders moet oor “eensydigheid/partydigheid” geleer word en hoe om dit te identifiseer.

By vraag 1.8 kon die meeste van die kandidate nie ‘n reël uitdink (oor die gebruik van die vuvuzela) wat die Suid-Afrikaanse en oorsese sokkerentoesiaste die wedstryd sal laat geniet nie. Baie het net ‘n algemene reël gegee bv. “Moenie die vuvuzela in iemand se ore blaas nie”, wat verkeerd was. Daar was ook baie kandidate wat die woord “reël” met die engelse woord “line” verwar het. Hulle het daarom verwys na reëls (bv. 19 en 20) uit die leesstuk.

By vraag 1.9.2 het kandidate gesukkel om te verduidelik dat die “soet klank van sukses” die geld was wat die die twee manne van die verkoop van die vuvuzelas gaan maak.

By vraag 1.10 het baie kandidate nie geweet wat “feit” en “mening” beteken nie. Dié vraag het die meeste probleme opgelewer. Baie kandidate het die woord “mening” met die engelse woord “meaning” verwar i.p.v. “opinie”. Weereens moet aandag aan sulke voorbeelde (waar leerders tussen ‘n feit en ‘n mening moet onderskei) op skool geskenk word.

QUESTION 2

By die beantwoording van vraag 2 het kandidate goed gevaar. 60% van die kandidate het meer as 50% (vlak 4 – 7) gekry, maar daar was ook 26% van die kandidate wat vlak 1 – 2 behaal het.

Die meeste van die kandidate het vraag 2.1 reggekry. Hulle kon maklik 2 dinge noem wat wys dat die seun 'n skok gekry het, maar daar was baie kandidate wat oor/ore met oog/oë verwar het.

Al is daar baie woorde as antwoord by vraag 2.2 aanvaar, (bv. dink, werk, leer, studeer, funksioneer, reageer en optree), het die meeste van die kandidate dié vraag verkeerd gekry. Leerders moet geleer word hoe om advertensies deeglik te lees en sulke tipe vrae te interpreteer. Hulle moet geleer word om uit te vind wat die kern/boodskap en al die ander eienskappe van advertensies is.

Talle kandidate het gesukkel by die interpretasie vraag (2.6). Hulle het net “energie” geskryf en nie verder verduidelik nie. Dit blyk duidelik uit kandidate se respons dat nie veel oefeninge met advertensies tydens klaslesse onderrig word nie.

QUESTION 3

Hierdie vraag is goed deur die meeste van die kandidate beantwoord. 63% van die kandidate het meer as 50% (vlak 4 – 7) gekry. By die beantwoording van hierdie vraag was daar geen noemenswaardige probleem nie, maar wat wel duidelik is, is dat kandidate die woorde “keuse” en “kies” (3.6.1) verkeerd gebruik, bv. Hulle het drie kies gehad.

Daar was enkele kandidate wat met vraag 3.4.2 (met die motiveering van die WAAR/ONWAAR vraag) gesukkel het en wat probleme ondervind het om 'n verduideliking te gee by vraag 3.6.1 en 3.6.2.

QUESTION 4

Kandidate het vanjaar baie goed in hierdie afdeling (opsomming) gevaar. 68% het meer as 50% (vlak 4 – 7) gekry en net 7% het vlak 1 behaal. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat daar vanjaar nie vir taalfoute en direkte aanhalings gepenaliseer is nie.

Dis goed om op te merk dat die meerderheid vanjaar die regte formaat (puntegewys) gebruik het en ook dat hulle die getal woorde wat hulle gebruik het, aangedui het.



Daar is 'n paar kandidate wat twee opsommings (in pen) geskryf het en nagelaat het om die eerste opsomming dood te trek of hulle het versuim om aan te dui watter een hulle rofwerk is en watter een is hulle finale poging. In so 'n geval is die eerste poging gemerk, al is die tweede een hulle finale poging. Leerkragte moet leerders hiervan in kennis stel.

Daar was ook 'n paar kandidate wat die aantal woorde aan die einde van elke sin geskryf het, maar hulle het nie die totaal woorde aan die einde van hulle opsomming geskryf nie, hulle is dus gepeenaliseer.

Woordorde is nog 'n baie groot probleem by dié wat die opsomming in hulle eie woorde skryf.

QUESTION 5

Kandidate het uiters swak by hierdie vraag gevaar. Net 18% van die kandidate het meer as 60% (vlak 5 – 7) gekry en 51% het vlak 1 en 2 gekry.

Die meeste van die kandidate het vraag 5.1 verkeerd gekry. Baie kandidate het die woord “beskerm” uit die konteks gehaal. As gevolg van die kandidate se beperkte woordeskat het hulle engelse woorde/anglisisme (bv. protekt/protek) gebruik.

By vraag 5.4 het baie van die kandidate die antoniem “geodkoop” as twee woorde geskryf en dus die punt verloor.

By vraag 5.7 (die afkorting) het feitlik al die kandidate die regte afkorting (m.a.w.) gehad, maar hulle het een merk verbeur deur nie al die punte te sit nie, veral na “w” (het die punt ontbreek).

Al is vraagsinne elke jaar getoets (5.6), is dit teleurstellend dat die meeste van die kandidate dit nog nie bemeester het nie.

Baie kandidate het gesukkel by met vraag 5.11. Hulle moet onderrig word om sulke tipe vrae te beantwoord. Hulle verstaan nie wat “geimpliseerde” beteken is nie.

QUESTION 6

Kandidate het ook baie swak by hierdie vraag gevaar. Net 20% van die kandidate het het vlak 4 – 7 gekry. 7% het vlak 7 gekry en 73% het vlak 1 en 2 gekry.

Soos gewoonlik, is dit teleurstellend dat Indirekte Rede (6.1) 'n probleem vir kandidate is. Vanjaar het die voorbeeld 3 punte getel. Daar was baie min kandidate wat volle punte behaal het nie. Die twee belangrikste aspekte van die indirekte rede nl. w.o. (die verandering van die werkwoord) en die verandering van die persoonlike voornaamwoord (jy > hy en ons > hulle) bly steeds 'n groot probleem.



Die meeste van die kandidate het 6.2 verkeerd gekry. Hulle weet nie hoe om “gehad” in ‘n sin wat in die teenwoordige tyd is te gebruik om dit na die verlede tyd te verander nie. Die meeste van die kandidate wat dit wel gedoen het, het “gehad” verkeerd gespel (gehaat/gehaad/gehard/gehard). Daar is nog leerders wat “gehet” en “gehe” gebruik.

By vraag 6.3 is dit skokkend dat die meeste van die kandidate (selfs die wat baie goed gevaar het) al twee die ontkenings-voorbeelde verkeerd gekry het. As gevolg hiervan het hulle al 3 punte verloor.

Die gebruik van die infinitief (6.7) is nog problematies. Daar is nog baie kandidate wat “om” gebruik in ‘n sin met “behoort”.

Die gebruik van leestekens is ook ‘n groot probleem. Dit is duidelik dat hierdie aspek nie deeglik in skole onderrig word nie. Vanjaar het kandidate probleme ondervind ten opsigte van die identifisering van die drie sinne waar hulle die ontbrekende leestekens moes invul.

Vraag 6.10 is die swakste deur kandidate beantwoord. Die meeste van die leerders het die vaagste idee wat stereotipeering beteken. Leerkragte moet verseker dat voorbeelde van stereotipeering in die skole onderrig word en leerders oefening in hierdie aspek kry. Dit sal, vir seker, in die toekoms nog getoets word. Verkeerde respons op hierdie vraag kan ook daaraan toegeskryf word aan die feit dat kandidate nie die betekenis van die woord “prokureur” verstaan het nie.

QUESTION 7

Hier het kandidate se antwoorde gewissel van baie goed tot uiters swak. 81% van kandidate het vlak 1 – 3 gekry en die res (19%) het vlak 1 gekry.

Baie van die kandidate het die punt by vraag 7.1 verloor omdat hulle “skilpadjie” verkeerd gespel het (skilpaadjie). Miskien was dit as gevolg van die woord “pad” wat na “paadjie” verander.

Die meeste van die kandidate kon ‘n sin met die woord “dop” (7.3) maak, waar dit ‘n ander betekenis moes gehad het. Die meeste van hulle het die betekenis as “alkohol” gebruik of die dop van ‘n bottel.

Baie kandidate het die idioom (7.4) verkeerd gekry.

QUESTION 8

Net 27% van die kandidate het meer as 50% (vlak 4 – 7) by hierdie vraag gekry en 60% het vlak 1 en 2 gekry. Hulle het dus swak gevaar.

By vraag 8.1 het baie van die kandidate die betekenis van “kassie” as ‘n lokasie/township gegee. Hulle het dit met die Xhosa betekenis geassosieer.



Die meeste van die kandidate het die verlede deelwoord (8.2 gemolesteerde) verkeerd gekry. Dit was net so in die verlede waar die meeste van die kandidate die verlede deelwoorde verkeerd gekry het.

Amper 80% van die kandidate het vraag 8.3 verkeerd gekry. Hulle het nie die betekenis van “vervang” verstaan nie en daarom het hulle “maar” en “tog” in die sin gebruik. Kandidate moet geleer word om sinne te verbind waar die voegwoord vervang word.

Dis teleurstellend dat kandidate nog ‘n maklike voorbeeld (8.4 Tyd, Wyse, Plek) verkeerd kry.

Die verandering van ‘n stelsin na ‘n bevelsin bly steeds problematies en dié wat dit wel kon doen, het vergeet om die nodige leestekens (!/moét) gebruik.

Soos voorheen genoem is, het die meeste van die kandidate (selfs die goeie kandidate) die ontkennde vorm (8.5) verkeerd gekry. Hulle kon nie ‘n eenvoudige verandering van “iets” na “niks” maak nie. Die meeste van die leerders wat dit wel verander het, het die spelling verkeerd gekry (niets/nicks/nieks)

Die gebruik van die voornaamwoord (8.9 vir + dit = daarvoor) bly steeds ‘n probleem.

7. ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS TO HELP LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVELS

Leerkragte moet verseker dat leerders bewus is van die volgende veranderinge:

1. Daar is nie meer een vraag vir Sinstrukture en ‘n vraag vir Woordstrukture nie. Al twee van die tipe vrae sal in die toekoms tesame getoets word.
2. Taalaspekte sal nie, soos in die verlede, in twee (die linkerkantse en regtekantse) kolomme getoets word nie. Leerders sal, instruksies soos vanjaar, (bv. Skryf die sin oor in die verlede tyd) kry en hulle moet dit volg.
3. Maak seker dat leerders bewus is van die nuwe memo vir die skryf en nasien van die opsomming. Kandidate kan al 7 sinne aanhaal en daar word nie vir taalfoute gepeenaliseer nie. Hulle moet ook daarvan bewus gemaak word dat daar ‘n toelating van net 5 woorde is.

Leerders moet (soos daar alreeds in die verlede gesê is) aangeraai word om te lees, lees en lees. Die waarde van lees kan nie onderskat word nie. Hierdeur kry hulle nie net nuwe idees om te skryf nie, maar dit help ook tot die verbetering van hulle woordeskate en taalgebruik (sinskonstruksie). Leerkragte kan leerders hieroor



(romans/koerantartikels/tydskrifartikels/internetartikels ens.) tydens die mondelinge periode (of selfs as die res van die klas met iets ander besig is) toets om te verseker dat hulle lees.

8. ANY OTHER COMMENTS

Leerkragte moet seker maak dat hulle al die swakhede van vanjaar se vraestel onderrig en inskerp by leerders, want hulle sal weer in die toekoms hieroor getoets word.

Sterkte!